RAADSBELEID

ONDERWERP : OPRIGTING VAN INFORMELE STRUKTURE WAT NIE AAN NORMALE BOUSTANDAARDE VOLDOEN NIE, IN AGTERPLASE VAN WOONERWE BINNE DIE RAAD SE REGSGEBIED

VERWYSING : 15.4.1.3.B

BESLUIT NR : 22.14/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Die beheer oor die oprigting van informele agterplaasstrukture op woonerwe binne die Raad se regsgebied.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad is bewus van die behuisingsbehoeftes binne sy regsgebied en maak op 'n verantwoordbare wyse daarvoor voorsiening.

RIGLYNE

1. Geen struktuur mag sonder die skriftelike toestemming van die Raad opgerig word nie.

2. Die goedkeuring van die struktuur is geldig vir 'n tydperk van **3 jaar**, waarna die eienaar weer by die Raad aansoek moet doen om die hernuwing van die toestemming.

3. Die struktuur moet voldoende kruisventilasie hê.

4. Die plasing van die struktuur moet geskied ooreenkomstig die voorskrifte soos vervat in die Raad se skemaregulasies.

5. Die struktuur moet van sementvloer voorsien word.

6. Die bedrading na en in die struktuur moet aan die elektriese veiligheidstandaarde voldoen.

7. Die struktuur mag nie groter as 20 m² en kleiner as 6 m² wees nie.

8. Die nodige permanente was- en toiletgeriewe moet tot bevrediging van die Hoof Omgewingsgesondheidsdienste voorsien word.

PROSEDURE

1. Alle aansoeke moet op die voorgeskrewe vorm, verkrygbaar by die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer, tesame met 'n terreinplan by laasgenoemde Afdeling vir goedkeuring ingedien word.

2. Die skriftelike kommentaar/insette van die betrokke Wyksraadslid en Wykskomitee moet ook die aansoek vergesel.

3. Nadat die Hoof Stadsbeplanning en Boubeheer hom/haar vergewis het daarvan dat die aansoek aan die voorskrifte van die Raad se beleid voldoen/nie voldoen nie, word die aansoeker van ‘n skriftelike goedkeuring/afkeuring voorsien en die betrokke toestemming in die soneringsregister aangeteken.

4 . Indien planne ingedien word vir veranderinge aan die bestaande hoofgebou moet enige informele strukture op die perseel ook op die planne getoon word ten einde te verseker dat dit aan die Raad se beleid in hierdie verband voldoen.

ROLLE

Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer.

VERWANTE BELEID

1. Plakkerbeleid.

2. Raad se Skemaregulasies.

3. Behuisingsbeleid.

4. Elektriese Installasie Regulasies.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.